**OLIMPIADES '96**

# DIE WENNERS

## UITBLINKER BY UITNEMENDHEID



Danie Smit, 'n matriekleerling aan die Paul Roos-Gimnasium, ontvang die goue medalje van die Geskiedenisolimpiade van die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns prof. Francois Retief. Benewens die medalje het hy ook 'n tjek ten bedrae van R1 500, geskenk deur Nasionale Koerante, ontvang. Danie het ook in 1995 die goue medalje verower. Dit is die eerste keer in die bestaan van die olimpiade dat dieselfde leerling in twee agtereenvolgende jare die goue medalje verower. Danie se veelsydigheid blyk uit al die ander prestasies wat hy vanjaar behaal het: derde in die Afrikaanse Olimpiade; derde in die Taalbond se tweetaligheidseksamen; vyfde in die Sanlam Wêreldkennis Olimpiade; pryswenner in die nasionale kompetisie van die Junior Rapportryers vir die beste nuusberig; medeskrywer van *Die groot gegrabbel*, 'n satiriese sprokie wat op die ATKV toneelfees vir skole as die beste toneelstuk van die jaar aangewys is; en 34ste in die nasionale Wetenskapsolimpiade. Van die borge van sommige van hierdie pryse verskyn ook op die foto saam met die Rektor van die Paul Roos-Gimnasium, mnr. Jock de Jager regs op die foto. Links is mnr. Jannie Boonzaaier van Nasou en langs hom mnr. Petrus van Niekerk van Sanlam.

Danie se veelsydigheid is tipies van die ander nege medaljewenners. Hulle het elkeen ook besondere prestasies in ander vakke behaal en die meeste van hulle het ook die eerste klasposisies in hulle standerd verwerf.

Die wenner van die Goue Medalje ontvang ook 'n tjek van R1500. Die kandidate in die tweede en derde plek ontvang silwer medaljes en kontantpryse R1000 en R500 onderskeidelik. Die sewe ander silwer medaljewenners ontvang R250 elk. Hierdie pryse is geborg deur **Nasionale Koerante**.

1. Danie Smit, Paul Roos-Gimnasium, Stellenbosch. Danie het verlede jaar ook die Goue Medalje verower.
2. Clive Robertson, Hilton College, Pietermaritzburg.
3. Marissa Tobiansky, King David High School (Linksfield), Johannesburg.

The runners up in alphabetical order:

Evan Borkum, a standard 8 pupil at Herzlia High School, Cape Town.

Julian Brown, Durban High School.

Rory Douglas, King Edward VII High School, Houghton, Johannesburg.

Damian Hattingh, Hilton College, Pietermaritzburg.

Izak Odendaal, 'n standerd 8-leerling aan die Hoërskool Outeniqua, George.

Daniël Pretorius, Rondebosch Boys' High School, Cape Town.

Saul Symanowitz, King David High School (Victory Park), Johannesburg.

**WENNERS VAN DIE JUNIOR OLIMPIADE**

Die wenner van die eerste prys kry benewens 'n sertifikaat 'n geskenkbewys vir R200 van **Via Afrika en Nasou**. Die ander wenners ontvang elkeen 'n sertifikaat en 'n geskenkbewys van R100.

Die wenner van die eerste prys is Christiaan du Preez, van die Hoërskool Tygerberg.

Die ander wenners in alfabetiese orde is:

Aniel Botha, Hoërskool Tygerberg, Parow

Estea Fourie, Hoërskool Tygerberg, Parow

Andries Groenewald, Hoërskool Tygerberg, Parow

Juan Hammond, Hoërskool Brandwag, Uitenhage

Dinny Kurien, Zinniaville Secondary School, Zinniaville

Madelize Lotz, Hoërskool Tygerberg, Parow

Poppy Mkhwebane, Bongane-Lebohang Secondary School, Cornelia in die Vrystaat

Stephanie van Huyssteen, Hoërskool Secunda, Secunda.




Die Hoërskool Tygerberg in Parow het 'n buitengewone prestasie in die eerste Junior Olimpiade behaal. Vyf van die tien pryswenners is van dié skool.
**Agter:** Tiaan du Preez (wenner van die eerste prys), mnr. Ludwig Punt (onderwyser) en Andries Groenewald.
**Voor:** Estea Fourie, Madelize Lotz en Aniel Botha.